# UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

## FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

# JAARBOEK

## SKOOL VIR GENEESKUNDE
## EERSTE KWALIFIKASIES

# 2015



**DEKAAN: PROF GJ VAN ZYL**
**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE**
**FRANCOIS RETIEF GEBOU KAMER D202**
**TELEFOONNOMMER: 051 401 7798**

# INHOUD


Kontakpersone ........................................................................................................ 1
Akademiese personeel........................................................................................... 2
Woordomskrywings................................................................................................ 5
Kwalifikasieprogramme ......................................................................................... 11
Algemene oriëntering ............................................................................................ 12
Reëls...................................................................................................................... 13

- MBChB (Program vir Professionele Geneeskunde) (8371) ..................................... 13
- Assesseringsreëls vir 8371 ............................................................................... 21
- BMedSc (Stralingswetenskappe) ........................................................................ 29

Leerontwikkelingsprogram .................................................................................... 33
Program vir Baccalaureus van Mediese Kliniese Praktyk... ......... ................................36


***Behou hierdie jaarboek vir die res van u studietydperk aangesien dit van toepassing sal wees totdat u u studies voltooi het.***

# KONTAKPERSONE

Indien u navrae oor enige van die voorgraadse programme in die Skool vir Geneeskunde het, kan u een van die volgende persone kontak:

**FAKULTEIT: BEAMPTE: KEURING EN TOELATINGS**


Me L du Toit
Interne Posbus G40
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: 051 401 7513
Faks: 051 401 3226
E-pos: dutoitl@ufs.ac.za


**ADJUNK DIREKTEUR: ADMINISTRASIE**


Me M Viljoen
Interne Posbus G40
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: 051 401 2847
Faks: 051 444 3103
E-pos: viljoenma@ufs.ac.za


**PROGRAMDIREKTEUR**


Dr L van der Merwe
Interne Posbus G48
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: 051 401 2773
Faks: 051 401 7558
E-pos: merwelj@ufs.ac.za


**GESONDHEIDSWETENSKAPPE-ONDERWYS**

Vakant


Dr J Bezuidenhout
Tel: 051 401 7272
E-pos: bezuidj@ufs.ac.za

Dr MP Moagi-Jama
Tel: 051 401 7771
E-pos: jamamp@ufs.ac.za


**SKAKELBEAMPTE**


Me S Gouws
Interne Posbus G40
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: 051 401 7793
Faks: 051 444 3103
E-pos: gouwss@ufs.ac.za


**Let wel:**

**(1) Meld asseblief u studentenommer op alle korrespondensie aan die Universiteit.**
**(2) Hersien alle persoonlike besonderhede indien enige veranderinge voorkom.**

# AKADEMIESE PERSONEEL

**DEKAANSAFDELING**

**DEKAAN**
Prof GJ van Zyl

**VISE-DEKAAN**
Vakant

**AFDELING GESONDHEIDSWETENSKAPPE-ONDERWYS**
Vakant

**SKOOL VIR GENEESKUNDE**

| | |
|---|---|
| HOOF<br>Prof A St Clair Gibson | 051 401 7790<br>gibsonasc@ufs.ac.za |
| AFDELING GENEESKUNDE PROGRAMBESTUUR<br>Dr LJ van der Merwe | 051 401 3605<br>merwelj@ufs.ac.za |
| ANATOMIESE PATOLOGIE<br>Dr J Goedhals | 051 405 3050<br>gnmbjg@ufs.ac.za |
| ANESTESIOLOGIE<br>Prof BJS Diedericks | 051 405 3307<br>diedederickbjs@ufs.ac.za |
| BASIESE MEDIESE WETENSKAPPE<br>Dr S van Zyl | 051 405 3555<br>gnfssvz@ufs.ac.za |
| BIOSTATISTIEK<br>Prof G Joubert | 051 401 3117<br>gnbsgj.md@ufs.ac.za |
| CHEMIESE PATOLOGIE<br>Prof JM Kuyl (waarnemend) | 051 405 2912<br>kuyljm@ufs.ac.za |
| CHIRURGIE<br>Prof RS du Toit | 051 405 3545<br>dutoitrs@ufs.ac.za |
| DERMATOLOGIE<br>Prof W Sinclair | 051 401 7503<br>sinclairw@ufs.ac.za |
| FARMAKOLOGIE<br>Prof A Walubo | 051 405 3090<br>waluboa@ufs.ac.za |
| GEMEENSKAPSGESONDHEID<br>Prof WH Kruger | 051 405 3136<br>gngmwhk@ufs.ac.za |
| GENEESKUNDIGE FISIKA<br>Prof WID Rae | 051 405 3156<br>raewid@ufs.ac.za |
| GEREGTELIKE (FORENSIESE) GENEESKUNDE<br>Dr MS Monatisa | 051 412 9136<br>monatisams@fshealth.gov.za |
| HEMATOLOGIE EN SELBIOLOGIE<br>Prof MJ Coetzee | 051 405 3043<br>coetzeemj@ufs.ac.za |
| HUISARTSKUNDE<br>Dr N Mofolo | 051 401 3307<br>mofolon@ufs.ac.za |

| | |
|---|---|
| INTERNE GENEESKUNDE<br>Prof VJ Louw | 051 405 3154<br>louwvj@ufs.ac.za |
| KARDIOLOGIE<br>Dr Makotoko | 051 405 3390<br>vandenheeveref@ufs.ac.za |
| KARDIOTORAKSCHIRURGIE<br>Prof FE Smit | 051 405 3861<br>smitfe@ufs.ac.za |
| KERNGENEESKUNDE<br>Dr GHJ Engelbrecht | 051 405 3488<br>engelbrechtgh@ufs.ac.za |
| KLINIESE BEELDINGSWETENSKAPPE<br>Prof CS de Vries | 051 405 3471<br>devriesc@ufs.ac.za |
| KLINIESE SIMULASIE EENHEID – SKOOL VIR GENEESKUNDE<br>Dr MJ Labuschagne | 051 401 3869<br>labuschagnemj@ufs.ac.za |
| KRITIEKE SORG<br>Dr MGL Spruyt | 051 405 3314<br>spruytmgl@ufs.ac.za |
| MEDIESE MIKROBIOLOGIE/VIROLOGIE<br>Prof AW Hoosen | 051 405 3076<br>hoosenaa@ufs.ac.za |
| NASIONALE BEHEERLABORATORIUM VIR BIOLOGIESE PRODUKTE<br>Prof D Litthauer | 051 401 3015<br>litthad@ufs.ac.za |
| NEUROCHIRURGIE<br>Dr J Basson (waarnemend) | 051 405 3009<br>bassonj@ufs.ac.za |
| NEUROLOGIE<br>Prof AJ Kruger<br>*Afdeling Mensgenetika*<br>Prof. M Theron | 051 405 3550<br>gnnalajk@ufs.ac.za<br>051 405 3351<br>theronm1@ufs.ac.za |
| OBSTETRIE EN GINEKOLOGIE<br>Prof PH Wessels | 051 405 3272<br>wesselsph@ufs.ac.za |
| OFTALMOLOGIE<br>Dr WJ Marias | 051 405 2151<br>wjmicu@gmail.com |
| ONKOLOGIE<br>Dr AC Bester | 051 405 2646<br>besterac@ufs.ac.za |
| ORTOPEDIESE CHIRURGIE<br>Dr DFdP Louw (waarnemend) | 051 405 2242<br>duplessislouwdf@ufs.ac.za |
| OTORINOLARINGOLOGIE<br>Prof RY Seedat | 051 405 3344<br>seedatry@ufs.ac.za |
| PEDIATRIE EN KINDERGESONDHEID<br>Prof A Venter | 051 405 3181<br>gnpdav@ufs.ac.za |
| PLASTIESE EN REKONSTRUKTIEWE CHIRURGIE<br>Prof JF Jooste | 051 405 3544<br>joostejf@ufs.ac.za |
| PROEFDIERSENTRUM<br>Mnr S Lamprecht | 051 405 3147<br>lamprechts@ufs.ac.za |

| | |
|---|---|
| PSIGIATRIE<br>Prof PJ Pretorius | 051 407 9294 / 7<br>pretorpj@fshealth.gov.za |
| SPORT- EN OEFENGENEESKUNDE<br>Dr LJ Holtzhausen | 051 401 2530<br>holtzhausenlj@ufs.ac.za |
| UROLOGIE<br>Prof SW Wentzel | 051 405 3542<br>wentzels@ufs.ac.za |

# WOORDOMSKRYWINGS

*Om meer duidelikheid en 'n eenvormige interpretasie te verseker, word die betekenis van die onderstaande woorde, wat in die Algemene Regulasies gebruik word, hieronder omskryf:*

**Algemene reëls vir kwalifikasie**

Naas die statutêre bepalinge word die algemene reëls verder ondersteun en gerig deur beleidsdokumente en reglemente en aangevul deur fakulteitsreëls wat as 'n geheel saamgelees moet word.

In die geval van 'n konflik tussen die dokumente word voorkeur verleen aan die algemene reëls.

**Afstandsonderrig**

Dit is 'n stel onderrig- en afleweringsmodusse (of onderrigleermetodes) wat studente in staat stel om te leer sonder dat hulle hulself op dieselfde plek as die dosent bevind. Dit is egter nie 'n enkelvoudige wyse van oordrag nie. Dit is 'n versameling van metodes vir die voorsiening van gestruktureerde leer. Dit maak dit vir studente moontlik om die kurrikulum te ontdek sonder om gereeld en vir lang periodes klasse by te woon. Dit is eerder daarop gemik om 'n gehalte-leeromgewing te skep deur 'n gepaste kombinasie van verskillende mediums, wat insluit onder andere die gebruik van inligtingstegnologie, tutoriale ondersteuning, portuurgroepbesprekings en praktiese sessies, na gelang van die behoeftes van die spesifieke program.

**Aansoek om toelating**

Dit is die proses waardeur 'n persoon se persoonlike en ander data op die Universiteit se databasis vasgelê word en verleen nie die status van 'n student aan die Universiteit nie.

**Assessering**

Dit is die proses waardeur die bekwaamheid van studente bepaal word en word deur middel van 'n verskeidenheid van assesseringsmetodes oor 'n tydperk en in 'n verskeidenheid van verbande, uitgevoer.

**Assessor**

Die dosent in die betrokke module wat die vrae stel en die eksamenskrifte nasien of mondelinge eksamens en/of praktiese eksamens beoordeel.

**Bykomende modules**

Bykomende modules is dié wat geneem word addisioneel tot die minimum wat vir die betrokke kwalifikasie vereis word.

**Delegasie van die algemene reëls**

Toegewysde verantwoordelikhede kan skriftelik aan ʼn ander amptenaar(-are) gedelegeer word, met verslag oor die uitvoering van die gedelegeerde bevoegdheid aan die persoon aan wie die verantwoordelikheid deur die Raad toegewys is, met dien verstande dat sodanige gedelegeerde bevoegdheid nie verder gedelegeer mag word nie.

**Dissipline**

ʼn Gespesialiseerde en afgebakende studieveld.

**Deurlopende assessering**

Deurlopende assessering maak deel uit van die assessering van ʼn module op ʼn deurlopende basis deur middel van ʼn verskeidenheid van assesseringsmetodes.

**Doktorsgraad en professionele doktorsgraad**

ʼn Doktorsgraad is die hoogste formele akademiese kwalifikasie aan ʼn universiteit en vereis gevorderde navorsing op ʼn bepaalde terrein van studie, ten einde ʼn oorspronklike en beduidende bydrae tot daardie terrein van studie te maak.

Ten opsigte van ʼn professionele doktorsgraad (bv. DEd) geld dieselfde vereistes, maar met groter klem daarop om professionele probleme, vervat in opleiding – en navorsingsverslae op ʼn spesifieke terrein na te vors en op te los.

**E-leer**

Dit verwys na gestruktureerde leergeleenthede wat deur die gebruik van digitale hulpbronne (gewoonlik kombinasies van teks-, oudio- en visuele/video-lêers) en programmatuur-toepassings bemiddel word. E-leer kan aanlyn en gelyktydig aangebied word, aanlyn en asinchronies of af-lyn. E-leer kan in beide kontak- en afstandsprogramme gebruik word.

**Eindassessering (summatiewe assessering)**

Eindassessering is summatief van aard en daarop gerig om te bepaal of die student die vereiste vlak van bekwaamheid soos deur die leeruitkomste gestel, bereik het. Eindassessering het die integrering van die onderskeie komponente van die betrokke module ten doel.

**Eksamensyfer**

Die syfer wat ʼn student tydens die eksamen gesamentlik in ʼn betrokke vraestel of vraestelle van ʼn module behaal.

**Eksamenvraestel**

ʼn Vorm van assessering bestaande uit ʼn stel vrae, mondeling en/of skriftelik oor ʼn module(s) of gedeelte daarvan wat tydens die assesseringsgeleentheid gestel word.

**Eksterne assessering**

Met eksterne assessering word eksterne eksaminering en/of eksterne moderering en/of eksterne standaardbeoordeling bedoel.

**Eksterne assessor**

ʼn Persoon wat nie by die Universiteit betrokke is nie en die eksamenskrifte nasien of mondelinge eksamens en/of praktiese eksamens, verhandelinge en proefskrifte beoordeel.

**Eksterne moderator**

ʼn Persoon wat nie by die Universiteit betrokke is nie en wat toesien dat die assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomstes op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

**Elektiewe**

Keusemodules/-vakke

**Finale syfer**

Die berekende punt van die modulesyfer en eksamensyfer, afgerond tot ʼn persentasieheelgetal.

**Geleentheidstudent**

ʼn Geleentheidstudent is ʼn persoon wat aan die volgende voorwaardes voldoen:

- Hy/sy voldoen aan die statutêre vereistes vir toelating tot die betrokke formeel goedgekeurde kwalifikasie wat deur die instelling aangebied word.
.
- Hy/sy voldoen aan die voorvereiste(s) en/of voorwaardes van die module soos vervat in die Fakulteitsreëls.

- Hy/sy, met toestemming van die Dekaan, ingeskryf is vir ʼn module wat deel vorm van die kurrikulum van ʼn formeel goedgekeurde kwalifikasie.

- Hy/sy nie geregistreer is vir ʼn goedgekeurde kwalifikasie nie.

Persone wat oorbruggings- of voortersiêre modules (onder NKR-vlak 5) volg, word nie as geleentheidstudente geklassifiseer nie.

**Grondslagmodules**

Ontwikkelingsmodules in Hoofstroomprogramme

**Hoofstroommodules**

Alle modules binne ’n hoofstroomleerprogram.

**Internasionale student**

Is ’n persoon wat nie ’n Suid-Afrikaanse burger is nie en nie oor ’n permanente verblyfpermit beskik nie.

**Interne moderator**

’n Persoon wat op die permanente diensstaat van die Universiteit is en wat toesien dat assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomstes op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

**Inwonende student**

’n Student wat gebruik maak van die Universiteit se kampusbehuising.

**Kurrikulum**

’n Kurrikulum bestaan uit die samehangende modules uit verskillende dissiplines, wat oor die gespesifiseerde tydperk waarin studente die gestelde leeruitkomstes moet bereik, deel van die program vorm.

**Kwalifikasie**

In ’n uitkomsgebaseerde benadering verwys ’n kwalifikasie na die sertifisering van behaalde leeruitkomstes van ’n program, uitgedruk as akkumulering van krediete op spesifieke vlakke. ’n Kwalifikasie verteenwoordig die gedemonstreerde prestasie van ’n student in beplande en doelgerigte kombinasie van leeruitkomstes, wat daarop gerig is om studente met toegepaste bevoegdheid en ’n basis vir verdere leer toe te rus.

**Leeruitkoms**

’n Leeruitkoms is die kontekstueel gedemonstreerde eindproduk van die leerproses. ’n Uittreevlakuitkoms is die leeruitkoms wat deur die kwalifiserende student bereik moet word in die stadium waartydens uit die program wat tot die betrokke kwalifikasie lei, getree word. ’n Spesifieke leeruitkoms is kontekstueel gedemonstreerde kennis, vaardighede en waardes wat een of meer kritiese uitkomstes ondersteun en ’n spesifisering van die uittreevlakuitkomstes is.

### Meestersgraad en professionele meestersgraad

ʼn Meestersgraad is ʼn nagraadse kwalifikasie wat ʼn student in staat stel om die beginsels van teorie en navorsing te bemeester deur middel van ʼn ondersoek van ʼn probleem in ʼn bepaalde studieveld en ten opsigte waarvan die student ʼn beskeie bydrae maak.

Ten opsigte van ʼn professionele meestersgraad (bv. MBA) geld dieselfde vereistes, maar met groter klem daarop om professionele probleme, vervat in opleiding- en navorsingsverslae, op ʼn spesifieke terrein na te vors en op te los.

### Modulesyfer

Die berekende syfer afgerond tot ʼn persentasieheelgetal van ʼn student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk in ʼn bepaalde module en bereken op ʼn wyse soos vervat in die modulehandleiding en wat toelating tot die eksamen verleen.

### Program

ʼn Program is die struktuur waarbinne die kumulatiewe leer wat ʼn student suksesvol moet deurloop om die uittreevlakuitkomstes van ʼn kwalifikasie te bemeester, aangedui word. Die struktuur bestaan uit ʼn samehangende kombinasie van modules/leereenhede, uitgedruk in uitkomsgebaseerde formaat en wat ʼn akademiese en/of professionele/beroepsgerigte fokus het. Studente mag op verskillende vlakke op grond van voorafleer tot ʼn program toetree.

### Programgroep

ʼn Programgroep is ʼn groepering van verskillende programme met ʼn gedeelde fokus. ʼn Programgroep is die akademiese spesifisering van een of meer strategiese fokusse van die Universiteit.

### Promovering

Dit is die resultaat van die deurlopende en eindassessering wat gedesentraliseer geskied tydens die moduletermyn en waarin die student slaag sonder die aflegging van ʼn verdere eksamen mits minstens 70 persent in die module behaal is en aan al die geskeduleerde assesseringsgeleenthede deelgeneem is.

### Registrasie

ʼn Jaarlikse kontraktuele verbintenis tussen die Universiteit en die persoon ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures en verleen aan haar/hom die status van ʼn student aan die Universiteit.

## Student

ʼn Student is ʼn persoon wat:

- Voldoen het aan die betrokke toelatings-/keuringsvereistes soos vereis deur die Universiteit;
- Geregistreer is vir ʼn module wat ingesluit is in die kurrikulum van ten minste een (1) kwalifikasie wat formeel deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding goedgekeur is;
- Aktief deelneem aan ʼn module, soos hieronder omskryf, voor of op die sensusdag deur die instelling voorgeskryf; en
- ʼn Voltydse student geag te wees indien hy/sy nie voltydse in die diens van ʼn werkgewer is nie en sluit geleentheidstudente in. Alle ander studente word geag deeltydse studente te wees.

Die Hemis-voorskrifte omskryf aktiewe deelname soos volg:

(a) het module-opdragte ingedien; of
(b) het lesings, seminare, tutoriale of praktiese klasse bygewoon; of
(c) het klastoetse geskryf, of
(d) het studienavrae met ʼn akademiese personeellid opgeneem; of
(e) het van ʼn leersentrum gebruik gemaak.

## Toelatingspunt (TP)

ʼn Berekende punt gebaseer op die prestasievlak van die Graad 12 eksamen wat onder andere toelating tot studie vir eerste kwalifikasie verleen.

## Toewysing van die algemene reëls

Die verantwoordelikheid vir die uitvoering van die algemene reëls kan deur die Raad van die Universiteit aan ʼn bepaalde amp toegewys word met gereelde verslag aan die Raad oor die uitoefening van daardie bevoegdheid.

## Veronderstelde leerure

Veronderstelde leerure impliseer die ingeligte beraming van die gemiddelde leertyd wat ʼn gemiddelde student spandeer om die minimum leeruitkomste(s) te bereik. Sodanige leertyd sluit kontaktyd, praktiese werk, selfstandige en begeleide studie en eksamentyd in. Een (1) krediet is ekwivalent aan tien (10) veronderstelde leerure.

# KWALIFIKASIEPROGRAMME

Benewens kwalifikasies en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende kwalifikasieprogramme in die Skool vir Geneeskunde verwerf word:

| **Kwalifikasie** | **Afkorting van kwalifikasie** | **Minimum tydsduur** | **Kode** |
|---|---|---|---|
| Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Chirurgie (Program vir Professionele Geneeskunde) ................ | MBChB ........................ | 5 jr .......... | 8371 |
| Baccalaureus in Mediese Wetenskappe (Stralingswetenskappe) ... | BMedSc (Stralingswetenskappe) ... | 3 jr .......... | 8302 |
| Leerontwikkelingsprogram ...................... | LOP .................................. | 6 mde ..... | 8003 |
| Program vir Baccalaureus in Mediese Kliniese Praktyk ...................... | BMedKlinPrak .............. | 3 jr .......... | 8369 |

# ALGEMENE ORIËNTERING

Hoewel die inligting in die Jaarboek so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat geen verantwoordelikheid vir onjuistheid wat hierin mag voorkom nie.

Die Regulasies en Algemene Institusionele Reëls van die Universiteit is, soos waar nodig aangepas, van toepassing op hierdie Fakulteit.

Die verantwoordelikheid om op hoogte van die Algemene/Fakulteitsreëls te wees berus geheel en al by die student. 'n Aantal reëls geld vir al die verskillende kwalifikasies en opsies.

Daar is drie stelle reëls wat betrekking het:

**A.** ***Regulasies en Algemene Institusionele Reëls*** van die Universiteit, wat op alle fakulteite van toepassing is en gevolglik ook op die kwalifikasies en programme van hierdie Skool. Tensy anders gespesifiseer, is die algemene reëls ten opsigte van Baccalaureuskwalifikasies dus van toepassing op die kwalifikasies wat hier uiteengesit word.

Die Regulasies en Algemene Institusionele Reëls is in Deel I van die Universiteit se Jaarboek by die UV-SASOL-biblioteek beskikbaar en handel met belangrike kwessies soos die volgende:

- Toelating tot die Universiteit, tot graad- en diplomastudie, en tot geleentheidstudie (losstaande modules).
- Registrasie as student, modulewysigings, gelyktydige registrasie, modulesamestelling, duur van studie, voorvereistes, erkenning van modules aan ’n ander instelling geslaag, ens.
- Kwalifikasies met lof, hertoelating en stuiting van studente, herassessering, spesiale assessering, eksamenlokaalvoorskrifte, verkeerd lees van eksamenrooster, uitslae en puntestate, ens.

Die assesserings- en ander reëls wat op u van toepassing is, word opsommend in die onderstaande reëls genoem.

**B.** ***Fakulteitsreëls***, wat spesifiek vir die kwalifikasies en programme van hierdie Skool geld, is in hierdie publikasie uiteengesit.

**C.** ***Reëls ten opsigte van die professie*** *(waar nodig in die onderstaande teks vervat).*

***Die reëls ten opsigte van die voorgraadse kwalifikasies en studieprogramme in die Skool vir Geneeskunde word hieronder verder uiteengesit.***

***Die slaagvereistes vir modules, kliniese inwonings, geïntegreerde assesserings, spesiale studiemoduleverhandelings, die elektiefverslag en die verslag oor gemeenskapswerk word in die moduledokumente van Fase I, Fase II en Fase III uiteengesit.***

**PROGRAM VIR PROFESSIONELE GENEESKUNDE: MEDICINAE BACCALAUREUS EN CHIRURGIAE BACCALAUREUS**
**MBChB (Program vir Professionele Geneeskunde) Studiekode: 8371**

**Reël M3 REËLS VIR DIE PROGRAM VIR PROFESSIONELE GENEESKUNDE: MEDICINAE BACCALAUREUS EN CHIRURGIAE BACCALAUREUS**

**Reël M3.1: TOELATINGSVEREISTES**

Slegs ’n student wat oor ’n Nasionale Senior Sertifikaat beskik wat deur UMALUSI uitgereik is (of ’n gelykwaardige kwalifikasie wat deur die Universiteit goedgekeur word), kan tot die program toegelaat word.

Ten opsigte van die onderrigtaal van keuse (Afrikaans of Engels), word ’n minimum prestasiepunt op prestasievlak 5 (60%) vereis. Senior studente se toelatingsvereistes word bepaal deur die keuringsvereistes soos gestel per kategorie en opgeneem in die keuringsbeleid.

**Toeligting:**
(a) Slegs ’n beperkte aantal studente word jaarliks tot die eerste jaar van die program toegelaat. Toelating is onderhewig aan keuring.
(b) Toelating word slegs tot die eerste jaar van die program verleen.
(c) ’n Minimum gemiddelde punt op prestasievlak 5 (60%) word benodig vir elk van die volgende verpligte vakke: Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe. ’n Toelatingspunt (TP-punt) van ten minste 36 word vereis.
(d) ’n Student wat vir die program gekeur word, moet voor toelating ’n deposito betaal wat van klasgelde aftrekbaar is.
(e) Studente ontvang opleiding by die goedgekeurde opleidingskomplekse en lewer ook gemeenskapsdiens in Bloemfontein en omgewing en ander opleidingsinstellings.
(f) Studente is verantwoordelik vir hul eie vervoerreëlings tydens opleiding.

**Reël M3.2 TOELATINGSVEREISTES: STUDENTE VANAF ANDER UNIVERSITEITE**

’n Student wat in die program in Geneeskunde aan ’n ander universiteit gedruip het, en verdere studie in Geneeskunde aan daardie universiteit geweier is, sal ook nie tot die program in Professionele Geneeskunde aan hierdie Universiteit toegelaat word nie.

**Reël M3.3 REGISTRASIE AS STUDENT**

Die registrasieprogram sal skriftelik aan die studente bekend gemaak word. Studente moet jaarliks registreer.

Daar word van ’n student verwag om alle voorgeskrewe betalings te doen voordat daar vir registrasie aangemeld word.

’n Student wat semester 1 van die eerste studiejaar druip en wat oorgaan na die Leerontwikkelingsprogram, sal outomaties uit die MBChB-program gederegistreer word en vir die Leerontwikkelingsprogram geregistreer word. Laasgenoemde sluit alle senior studente wat reeds ’n graad behaal het, en studente wat reeds ’n oorbruggingsprogram deurloop het, uit. Indien die student aan die einde van semester 2 die Leerontwikkelingsprogram slaag, moet hy/sy weer aansoek doen vir die MBChB-program (volgens Reël M.6.7) en geregistreer word. Dit is die student se verantwoordelikheid om toe te sien dat herregistrasie wel plaasvind.

**Toeligting:**
Betaling kan by enige poskantoor of tak van Absa-bank in die land geskied.

Absa-banktakkode: 632005
Die Universiteit se rekeningnommer: 1570 151 688
Verwysingsnommer: 100 + u studentenommer.

**Reël M3.4 DUUR VAN DIE PROGRAM**

Die minimum tydsduur om die MBChB-kwalifikasie te verwerf is vyf jaar voltydse studie.

**Reël M3.5 REGISTRASIE AS STUDENT IN DIE GENEESKUNDE BY DIE GESONDHEIDSBEROEPERAAD VAN SUID-AFRIKA**

Elke student in Geneeskunde is verplig om by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) as student in die Geneeskunde te registreer. Studente sal deur die Universiteit verwittig word wanneer sodanige registrasie moet geskied. **Dit bly die student se verantwoordelikheid om GBRSA-registrasie te bevestig en te finaliseer**.

**Toeligting:**
Die volledige stel reëls en regulasies rakende registrasie as student in die Geneeskunde by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika is ter insae by die kantoor van die Adjunk-direkteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar.

**Reël M3.6 DIE PROGRAM**

Die program is in drie fases verdeel. Fase I word in semester 1 aangebied, Fase II in semester 2 tot 5 en Fase III in semester 6 tot 10. In Fases I en II is die inhoudelike in tematiese of sisteemgebaseerde modules georden. Fase III word aan Kliniese Geneeskunde gewy

**UFS101 (16 krediete) is verpligtend vir alle eerste keer eerste jaar studente (verwys na Algemene Institusionele Reëls (Eerste Kwalifikasies) Reël A8) Dit dra 'n addisionele 16 krediete by tot die minimum vereiste krediete vir hierdie kwalifikasie.**

**DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE MBChB-PROGRAM 8371**

| FASE I | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| FASE I | | FASE II | | | | | | FASE III | | | | | | |
| JAAR 1 | | | JAAR 2 | | | JAAR 3 | | | JAAR 4 (196K) | | | JAAR 5 (200K) | | |
| Semester 1 (84K) | | Semester 2 | Semester 3 (152 K) | | Semester 4 (88K) | Semester 5 (104 K) | | Semesters 6 (36K) | Semester 7 | Semester 8 | | Semester 9 | Semester 10 | |
| MPSY1513 (12K) Gesondheid-psigologie | MIMA1513 (12K) Geïntegreerde Mediese Wetenskap Assessering | MMEM1620 (0K) ** Membrane, Reseptore en Beginsels van Farmakoterapie | MMEM2618 (32K) | MIMA2613(12K) Geïntegreerde Mediese Wetenskap Assessering | MURI2724 (16K) Urinêre Stelsel | MRES3714 (16K) Respiratoriese stelsel | MIMA3713(12K) Geïntegreerde Mediese Wetenskap Assessering | MHEL3824 (12K) Gesondheidsbeleid en Dienslewering | MINT4810 (52K) Interne Geneeskunde | MINT4820 (52K) Interne Geneeskunde | Verpligte inwoning met 'n goedgekeurde algemene praktisyn – 2 weke elektief | MIAM5810 (48K) Interne Geneeskunde en Anestesiologie | MIAM5820 (48K) Interne Geneeskunde en Anestesiologie | Semestereksamens aan die einde van sem. 9 en 10, en in Huisartskunde (MFAM5818/5828) slegs einde van sem. 10 |
| MDOC1513 (12K) Die Dokter en die Omgewing | | MANA1620 (0K) ** Struktuur en Ontwikkeling van die Liggaam (Disseksieprogram) | MANA2618 (32K) | | MHAE2724 (16K) Hematologie en Immunologie | MHEA3714 (16K) Gesondheid en Siekte in Bevolkings | | MHUM3824 (12K) Menslike Lewensiklus | MSUR4810 (48K) Chirurgie (Otorinolaringologie / Oftalmologie / Ortopedie) | MSUR4820 (48K) Chirurgie (Otorinolaringologie / Oftalmologie / Ortopedie) | | MSUR5810 (56K) Chirurgie (Ortopedie, Urologie en Trauma) | MSUR5820 (56K) Chirurgie (Ortopedie, Urologie en Trauma) | |
| MCHD1513 (12K) Konsepte van Gesondheid en Siekte | | MMOL1620 (0K)** Molekules van die Liggaam Metabolisme | MMOL2618 (32K) | | MCAR2724 (16K) Kardiovaskulêre Stelsel | MNER3714 (16K) Senuweestelsel | | MREP3824 (12K) Reproduksie | MPAE4818 (32K) Pediatrie | MPAE4828 (32K) Pediatrie | | MPAE5816 (24K) Pediatrie | MPAE5826 (24K) Pediatrie | |
| MHIS1513 (12K) Weefsels van die Liggaam | | | MDIS2614 (16K) Meganismes van Siekte | | MGEN2724 (16K) Genitale Stelsel | MEND3714 (16K) Endokriene Stelsel | | MINT3820 (0K)** Interne Geneeskunde (Psigiatrie) | MOBG4818 (32K) Obstetrie & Ginekologie | MOBG4828 (32K) Obstetrie & Ginekologie | | MOBG5816 (24K) Obstetrie & Ginekologie | MOBG5826 (24K) Obstetrie & Ginekologie | |
| MANA1513 (12K) Struktuur en Ontwikkeling van die Liggaam | | | MINF2614 (16K) Infeksies en Antimikrobe Middels | | MGAS2724 (16K) Gastroïntestinale Stelsel | METH3714 (16K) Menslike Diversiteit, Mense Regte en Regsetiek | | MSUR3820 (0K)** Chirurgie (Anestesiologie)<br>MPAE3820 (0K)** Pediatrie | MPSY4818 (32K) Psigiatrie (Onkologie) | MPSY4828 (32K) Psigiatrie (Onkologie) | | MFAM5818 (32K) Huisartskunde | MFAM5828 (32K) Huisartskunde | |
| MGEN1513 (12K) Algemene Vaardighede | | MSSM1620 (0K) ** Epidemiologie, Biostatistiek en Spesiale Studiemodule | MSSM2613 (12K) | | MSSM2720 (0K) Epidemiologie, Biostat. en SSM | MSSM3712 (8K) Epidemiologie, Biostat. en SSM | | MOBG3820 (0K)** Obstetrie & Ginekologie | | | | MPSY5814 (16C) Psigiatrie | MPSY5824 (16C) Psigiatrie | |
| Vlak 8 Totale Krediete: 860 Leerure: 8600 | | Leerontwikkelingsprogram (LOP) vir 6 maande vir druipelinge | | | MCLI2720 (0K) ** Kliniese Vaardighede | MCLI3714 (12K) | | MPSY3820 (0K)** Psigiatrie | In semester 7-10 word akademiese middae geskeduleer (diverse elektiewe temas) (24 krediete per jaar ingesluit in modulekrediete) | | | | | |
| | | MIMA1620 Geïntegreerde Mediese Assessering Modulepunt | | | MIMA2720 Geïntegreerde Mediese Assessering Modulepunt | | | | | | | | | |

** Voortsetting

**Reël M3.7 KLASBYWONING / KONTAKSESSIES**

Bywoning van al die kontakperiodes in al drie die fases is verpligtend. Daar word van studente verwag om 100% klasbywoning te hê. Studente wat minder as 80% van die kontakperiodes van 'n module of kliniese inwoning bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die assessering aan die einde van die module of inwoning deel te neem nie en sal beskou word asof hulle die module of inwoning gedruip het. Die studente sal ook nie vir herassessering in aanmerking kom nie. In uitsonderlike gevalle mag die Hoof van die Skool toestemming vir afwesigheid verleen, op voorwaarde dat studente vooraf met die Hoof van die Skool en dosente reëlings vir afwesigheid tref.

**ASSESSERINGREËLS**

Kyk Reël M4.

**Reël M3.8 SLAAGVEREISTES**

Lees saam met Reël M4.

**Reël M3.8.1 Semester 1**

'n Student moet beide vraestelle van die eindassessering in MIMA1513 in die eerste semester slaag om na die tweede semester bevorder te word.

**<u>Toeligting</u>:** Verwys na Reël M4.4.2(b) wat saam met M3.8.1 gelees moet word.

**Reël M3.8.2 Semester 2 en 3**

'n Student moet die eindassessering in MIMA2613 slaag om na semester 4 bevorder te word.

**Reël M3.8.3 Semester 4 en 5**

Om na semester 6 bevorder te word, moet 'n student:

(a) Die eindassessering in MIMA3713 slaag.
(b) Voor die einde van semester 5 'n bevredigende Spesiale Studiemoduleverslag indien.

**Reël M3.8.4 Semester 6, 7 en 8**

(a) 'n Student moet al die semesterassesserings, eindassesserings en kliniese inwonings slaag om na semester 9 en 10 bevorder te word.
(b) Aan die einde van semester 8, voor die aanvang van semester 9, moet 'n twee weke elektiewe inwoningsperiode by 'n algemene praktisyn voltooi word.
(c) Beide die teoretiese en kliniese afdelings moet in al die modules van Fase III afsonderlik geslaag word.
(d) Assessering van modules MHUM, MREP en MHEL sal plaasvind deur die loop van semester 6. Punte verwerf vir die drie modules word oorgedra na semester 7 en/of semester 8 soos omskryf in die relevante studiehandleidings.

(e) Die punte vir MREP3824 dien as 'n teoretiese punt vir die eerste toets van MOBG4818/4828 terwyl die punte verwerf in MOBG3820 dien as 'n kliniese punt vir die eerste toets van MOBG4818/4828.
(f) Die punte verwerf vir MHUM3824 en MPAE3820 onderskeidelik dien as teoretiese en kliniese punte vir MPAE4818/4828.
(g) Indien 'n student MHEL tydens semester 6 druip, moet die student in die daaropvolgende jaar se eerste semester 'n goedgekeurde projek in Gemeenskapsgesondheid met sukses afhandel waarna die student toegelaat sal word om weer semester 6 in geheel aan te bied.
(h) Die student sal nie toegelaat word om vir enige ander module te registreer behalwe die betrokke projek in Gemeenskapsgesondheid nie. Geen vrystelling van modules sal in so 'n geval vir enige module in semester 6 wat herhaal word, toegestaan word nie.

### Reël M3.8.5 Semester 9 en 10 (vyfde studiejaar)

Die volgende geld ten einde die vyfde en finale studiejaar te slaag:
(a) Die student moet al die blok- en kliniese inwoningsassesserings slaag.
(b) Die student moet beide die teoretiese en kliniese semesterassesserings in al die dissiplines in al modules van Fase III afsonderlik slaag.
(c) Die hoofeksamengeleentheid in al die relevante modules van beide semester 9 en 10 sal aan die einde van semester 10 afgeneem word, en sal bestaan uit 'n teoretiese en kliniese komponent.
(d) Die student moet die semesterassessering van Huisartskunde (MFAM5818/5828), wat aan die einde van semester 10 aangebied word, slaag.
(e) Die student moet 'n bevredigende elektiefverslag voor of op die laaste Vrydag in Januarie van semester 9 (vyfde studiejaar) indien. Die punte daarvan word ingereken by die Huisartskunde-modulepunt.

### Reël M3.8.6 Slaagvereistes vir subafdelings van die program

Die slaagvereistes vir modules, kliniese inwonings, geïntegreerde assesserings, spesiale studiemoduleverhandelings, die elektiefverslag en die verslag oor gemeenskapswerk word in die moduledokumente van Fase I, Fase II en Fase III uiteengesit.

### Reël M3.9 HERHALING

(a) 'n Student mag nie sy/haar studies om welke rede ook al onderbreek vir 'n tydperk van langer as twee kalenderjare nie.
(b) 'n Student wat sy/haar studies vir 'n tydperk langer as twee jaar onderbreek het, moet weer aansoek doen om moontlike keuring en toelating tot die eerste studiejaar van die MBChB-studierigting.
(c) 'n Student moet 'n geskrewe versoek rig aan die Hoof van die Skool vir Geneeskunde om toestemming om sy/haar studies om watter rede ook al te onderbreek.

**Reël M3.9.1 Herhaling van Fase I (semester 1) en Fase II (semesters 2, 3, 4 en 5)**

(a) Geen student mag semester 1 (Fase I) meer as een maal herhaal nie.
(b) Studente wat die eerste semester in die eerste studiejaar toegang tot die MIMA1513-eksamen het en dit druip, moet die Leerontwikkelingsprogram (LOP) volg (sien reël M6.1 vir voorwaardes).
(c) Studente wat semesters 3 of 5 druip, moet die voorafgaande semester in totaliteit herhaal. Verwys na Reël M4.2. A, B en C.
(d) Nie meer as twee jaar mag tussen 'n eerste en tweede poging verloop nie.
(e) Studente moet die eerste vier akademiese studiejare (tot die einde van semester 8) binne 'n maksimum van ses kalenderjare voltooi, m.a.w. hierdie is die maksimum periode wat toegelaat sal word vir voltooiing van die eerste vier akademiese studiejare.
(f) 'n Student wat nie ten minste 50% van die totale geregistreerde modules vir die betrokke jaar slaag nie, sal nie tot die program hertoegelaat word nie.

**Reël M3.9.2 Herhaling van semesters 9 en 10 (vyfde studiejaar)**

'n Student wat die hoof- en/of bykomende eksamengeleentheid van semester 9 en/of 10 aan die einde van semester 10 druip, sal weer toegelaat word om die assessering te herhaal in die daaropvolgende jaar ingevolge reëls (a-d) hieronder genoem. Indien steeds onsuksesvol, sal 'n laaste geleentheid om die assessering te herhaal ses maande later toegestaan word.

(a) 'n Student wat een module druip mag die assessering in die betrokke module ná drie maande herhaal. So 'n student moet vir die module registreer en inwoning deurloop.
(b) 'n Student wat twee modules druip mag die assessering in die betrokke modules ná ses maande herhaal. So 'n student moet vir die betrokke modules registreer en inwoning deurloop vir beide betrokke modules.
(c) 'n Student wat drie of meer modules druip herhaal die finale jaar van studie vir twaalf (12) maande. So 'n student moet weer vir die betrokke (gedruipte) modules registreer en inwoning deurloop vir al die gedruipte modules. Die modules wat die student geslaag het word nie herhaal of weer geassesseer nie.
(d) Indien 'n student wat gedruip het, toegelaat word om ná ses maande assessering in een of meer modules af te lê en steeds onsuksesvol is, sal 'n hoofeksamengeleentheid ses maande later toegestaan word. Hierdie sal sy/haar finale (derde) geleentheid wees.

**Toeligting:**
Daar is 'n bykomende eksamengeleentheid in semester 10 vir modules in semester 9 en/of 10, wat afgelê sal word die week direk ná afloop van die hoofeksamengeleentheid in semester 10.

Toelating tot hierdie bykomende eksamengeleentheid sal slegs geskied onder die volgende omstandighede:
a) Bona fide siekte van die student.

b) Studente wat gedruip het en waar die eksamenkomitees van die betrokke departemente, met die insette van die eksterne eksaminatore, besluit het dat die student 'n onmiddellike tweede kans verdien en dat remediërende inwoning nie noodsaaklik sou wees nie.
c) In alle gevalle sal 'n subminimum punt van 45% geld; 'n student wat minder as 45% as 'n finale punt in die module behaal het, sal nie toegang hê tot die bykomende geleentheid nie, al sou dit die enigste module wees wat nie geslaag is nie. Dit geld ook vir die modules/dissiplines met die korter inwonings.
d) 'n Maksimum van twee modules kan in die bykomende geleentheid geskryf word.
e) Indien die student drie of meer modules/dissiplines sou druip, kan die student nie van die bykomstige geleentheid gebruik maak nie. Die student moet dan die volgende akademiese jaar ten volle herhaal.

**Reël M3.10 HERTOELATING VAN STUDENTE TOT DIE MBChB-PROGRAM (EERSTE TOT VIERDE STUDIEJAAR SEMESTERS 1-8)**

Sien Reël M4.7.

**Reël M3.11 BEVORDERING NA DIE VOLGENDE SEMESTER/STUDIEJAAR**

Om na die volgende semester/studiejaar bevorder te word moet 'n student aan al die slaagvereistes vir die voorafgaande semester/studiejaar voldoen.

**Reël M3.12 MODULE- /SEMESTERPUNT**

Benewens die bepalings van Reël A1.14 (Modulepunt), geld al die reëls soos uiteengesit in die modulegidse vir Fase I, Fase II en Fase III van die MBChB-program.

**Reël M3.13: VRYSTELLING VAN MODULES WAT REEDS GESLAAG IS**

**LEES SAAM MET REËL M4.5 ONDER ASSESSERINGSREËLS**

'n Vierdejaarstudent wat 'n semester/jaar herhaal en reeds 'n module(s) geslaag het en in die voorafgaande semester/jaar 'n modulepunt van minstens 60% in die betrokke module(s) in die huidige semester/jaar verwerf het, en meer as 80% van die kontaksessies en kliniese inwonings in die huidige semester/jaar bygewoon het, kan aansoek doen om vrygestel te word van assessering in die betrokke module(s).

**Toeligting:**
Aansoek om vrystelling van assessering word gedoen op die voorgeskrewe aansoekvorm, wat by die kantoor van die Adjunk-direkteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is. Aansoeke moet voor die aanvang van die hoofeksamengeleentheid via die departementshoof by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde ingedien word.

## ASSESSERINGSREGULASIES ASSESSERINGSREËLS TEN OPSIGTE VAN DIE MBChB-PROGRAM 8371

### Reël M4 REËLS TEN OPSIGTE VAN ASSESSERING

Die assesseringsreëls van die Universiteit is, soos waar nodig aangepas, van toepassing op die Skool vir Geneeskunde.

### Reël M4.1 TOELATING TOT ASSESSERINGSGELEENTHEID

(a) Bywoning van al die kontaksessies in al die modules in die Skool vir Geneeskunde is verpligtend.
(b) Studente wat minder as 80% van die kontaksessies of kliniese inwoning in ’n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die hoofeksamengeleentheid aan die einde van die module of inwoning deel te neem nie en sal ook nie vir ’n addisionele eksamengeleentheid in aanmerking kom nie.
(c) Sodra minder as 80% bywoning bereik is, sal ’n student nie toegelaat word om voort te gaan met die module sonder die Hoof van die Skool se goedkeuring nie.
(d) ’n Minimum modulepunt van 45% word vereis vir toelating tot die assessering. Dit geld vir alle modules.

**<u>Toeligting:</u>**
Uitgesluit Fase I. Verwys Reël M4.2(A)

### Reël M4.2 SAMESTELLING VAN MODULEPUNTE

### A. FASE I – SEMESTER 1

Die modules in semester 1 is MGEN, MPSY, MDOC, MCHD, MHIS en MANA.

Vir semester 1 sal die volgende modules saam geassesseer word:
- MPSY, MDOC, MCHD en MGEN.
- MHIS, MANA en MGEN.

Vir die twee groepe modules wat saam geassesseer word, is daar ten minste twee assesseringsgeleenthede gedurende semester 1 en elke assessering bestaan uit ’n modulespesifieke en ’n geïntegreerde komponent.

Aan die einde van semester 1 word daar ’n hoofeksamengeleentheid aangebied, wat bestaan uit ’n geïntegreerde mediese wetenskap-assessering (MIMA1513). Die formaat van die assessering is soortgelyk aan die assesserings gedurende die semester en bestaan uit modulespesifieke en geïntegreerde vrae.

Die MIMA1513 bestaan uit twee vraestelle wat onafhanklik geslaag moet word in die groepe modules soos hieronder uiteengesit:

Vraestel 1: MPSY, MDOC en MCHD met MGEN geïntegreerd.
Vraestel 2: MHIS en MANA met MGEN geïntegreerd.

Indien 'n student nie toelating tot die hoofeksamengeleentheid kry nie, sal hy/sy outomaties toegelaat word tot die Leerontwikkelingsprogram, mits hy/sy volgens die toelatingsvereistes in reël M6.1 voldoen. Laasgenoemde sluit alle senior studente wat reeds 'n kwalifikasie verwerf het, en studente wat reeds 'n oorbruggingsprogram deurloop het, uit. Dié senior en oorbruggingstudente mag onmiddellik aansoek doen om keuring om ná ses maande weer semester 1 herhaal.

Die toelatingsvereistes vir die hoofeksamengeleentheid MIMA1513 (semester 1) is soos volg:

Ten minste vyf van die ses modules moet geslaag word met 'n punt van ten minste 50%, en 'n toelatingspunt van ten minste 45% moet vir die oorblywende module behaal word. Die semesterpunte behaal in MGEN1513, MPSY1513, MDOC1513, MCHD1513, MHIS1513 en MANA1513 dra nie by tot die hoofeksamengeleentheidpunt nie, maar bepaal of die student toegelaat word tot die hoofeksamengeleentheid. Die semesterpunte van hierdie modules sal dan ook as die finale modulepunte op die Universiteit se databasis verskyn.

'n Student wat die hoofeksamen, d.w.s die geïntegreerde mediese wetenskap-vraestelle (MIMA1513) druip, kan kwalifiseer vir 'n addisionele eksamengeleentheid ingevolge die betrokke reël (Reël M4.4.2.) en moet in beide vraestelle afgelê word. Beide groepe vraestelle sal deel uitmaak van die addisionele eksamengeleentheid. Indien 'n student die addisionele eksamengeleentheid ook druip, word die student toegelaat tot die Leerontwikkelingsprogram in semester 2.

Indien 'n student die hoofeksamengeleentheid in MIMA1513, asook die afsonderlike vraestelle van MIMA1513, slaag, word hy/sy tot semester 2 toegelaat (Reël M3.8.1).

## B. FASE II – SEMESTER 2 EN 3

Die modules in semesters 2 en 3 is MMEM, MMOL, MDIS, MINF, MSSM en MANA.

Gedurende die semesters word twee geïntegreerde mediese wetenskap-assesserings aangebied, waarvan die punte bydra tot die semesterpunt vir MIMA2613, wat 50% van die finale punt in die skriftelike komponent van MIMA2613 sal uitmaak.

Aan die einde van semester 3 word 'n geïntegreerde mediese wetenskap-assessering (MIMA2613) aangebied, wat uit 'n skriftelike en OSPE- (Objektiewe Gestruktureerde Praktiese Eksamen) komponent bestaan. Beide komponente moet onafhanklik geslaag word.

Om toelating tot die hoofeksamengeleentheid van MIMA2613 te verkry moet ’n student minstens vyf van die ses modules slaag en minstens ’n minimum van 45% behaal in die module wat gedruip is. Indien ’n student nie toelating tot die hoofeksamengeleentheid van MIMA2613 behaal nie, moet die student semester 2 en 3 herhaal. Indien die student die hoofeksamengeleentheid van MIMA2613 druip, kan die student kwalifiseer vir ’n addisionele eksamengeleentheid ingevolge die betrokke reëls. Beide die skriftelike en OSPE-komponente sal geassesseer word.

Indien ’n student semester 2 en 3 herhaal en reeds MSSM geslaag het, kan aansoek gedoen word vir vrystelling van MSSM. Indien ’n student die semester-eindassessering in MIMA2613 slaag, word hy/sy toegelaat tot semester 4.

## C. FASE II – SEMESTER 4 & 5

Die modules in semester 4 en 5 is MURI, MHAE, MCAR, MGEN, MGAS, MRES, MHEA, MNER, MEND, METH, MSSM en MCLI. MSSM is ’n deurlopende module en sluit ’n navorsingsprojek in waarvoor ’n finale assesseringspunt aan die einde van semester 5 toegeken word.

Gedurende die semesters word twee geïntegreerde mediese wetenskap-assesserings aangebied, waarvan die punte bydra tot die semesterpunt vir MIMA3713, wat 50% van die finale punt van die skriftelike komponent van MIMA3713 sal uitmaak.

Aan die einde van semester 5 word ’n geïntegreerde mediese wetenskap-assessering (MIMA3713) aangebied. Die hoofeksamengeleentheid van die semester (MIMA3713) aan die einde van semester 5 bestaan uit een skriftelike geïntegreerde mediese wetenskap-assessering sowel as ’n OSKE- (Objektiewe Gestruktureerde Kliniese Eksamen) komponent, wat ook ’n mondelinge assessering insluit. Beide komponente moet onafhanklik geslaag word.

Om toelating tot die hoofeksamengeleentheid van MIMA3713 te verkry, moet ’n student minstens 11 van die 12 modules slaag en ’n minimum van 45% behaal in die module wat gedruip is. Indien ’n student nie toelating tot die hoofeksamengeleentheid van MIMA3713 verkry nie, moet die student semester 4 en 5 herhaal. Indien die student die hoofeksamengeleentheid van MIMA3713 druip, kan die student kwalifiseer vir ’n addisionele eksamengeleentheid ingevolge die betrokke reëls. Beide die skriftelike en OSKE-komponent sal geassesseer word.

Indien ’n student semester 4 en 5 herhaal en reeds MSSM geslaag het, kan aansoek gedoen word vir vrystelling van MSSM.

Indien ’n student die hoofeksamengeleentheid in MIMA3713 slaag (ooreenkomstig die bepalings van Reël M3.8.3), word hy/sy toegelaat tot semester 6.

## D. FASE III – SEMESTER 6

Die modules in semester 6 is MHEL, MHUM en MREP. Verder is daar ook modules MINT, MSUR, MPAE, MOBG en MPSY in semester 6 wat in semester 7 en 8 voortgesit word.

Punte wat vir assesserings gedurende semester 6 behaal word, word oorgedra na semester 7 en 8. Assessering sluit beide skriftelike en kliniese assessering in waar van toepassing en punte behaal dra 'n maksimum van 50% by tot 'n modulepunt aan die einde van semester 7 of 8. Semester 6 sal Anestesiologie se skriftelike komponent van semester 5 en beide die skriftelike en kliniese komponente van semester 6 insluit.

Dus is daar geen finale eksamengeleentheid in modules MINT, MSUR, MPAE, MOBG en MPSY in semester 6 nie, aangesien die modules voortgesit word in semester 7 en 8 en in daardie semesters geassesseer word.

Assessering van modules MHUM, MREP en MHEL sal plaasvind deur die loop van semester 6. Punte verwerf vir die drie modules word oorgedra na semester 7 en/of semester 8 soos omskryf in die betrokke handleidings.

Die punte vir MREP3824 dien as 'n teoretiese punt vir die eerste toets van MOBG4818/4828 terwyl die punte verwerf in MOBG3820 dien as 'n kliniese punt vir die eerste toets van MOBG4818/4828. Op dieselfde wyse dien die punte verwerf vir MHUM3824 en MPAE3820 onderskeidelik as teoretiese en kliniese punte vir MPAE4818/4828.

Indien 'n student MHEL tydens semester 6 druip, moet die student in die daaropvolgende jaar se eerste semester 'n goedgekeurde projek in Gemeenskapsgesondheid met sukses afhandel, waarna die student toegelaat sal word om weer semester 6 in geheel aan te bied.

Die student sal **nie** toegelaat word om vir enige ander module te registreer behalwe die betrokke projek in Gemeenskapsgesondheid nie. Geen vrystelling van modules sal in so 'n geval vir enige module wat in semester 6 herhaal word, toegestaan word nie.

## E. FASE III – SEMESTER 7 EN 8

Aan die einde van beide semester 7 en 8 word 'n semesterassessering per module aangebied. Die semesterassessering behels 'n teoretiese sowel as 'n kliniese assessering.

Indien 'n student die module tydens die hoofeksamengeleentheid in semester 7 of 8 druip, kan hy/sy kwalifiseer vir toelating tot die addisionele eksamengeleentheid ingevolge die betrokke reëls.

## F. FASE III – SEMESTER 9 EN 10

Die hoofeksamengeleentheid van beide semester 9 en 10 sal aan die einde van semester 10 afgeneem word en sal uit 'n skriftelike en 'n kliniese komponent bestaan. Dit word beskou as 'n professionele kwalifiserende eksamen en eksterne eksaminatore is betrokke by die assessering. Hierdie assesserings handel oor alle kliniese dissiplines waardeur studente gedurende die voorafgaande semester roteer het, insluitend Ortopedie, Urologie en Anestesiologie.

Daar is ’n bykomende skriftelike eksamengeleentheid in semester 10 vir modules in semester 9 en/of 10, wat afgelê sal word die week direk ná afloop van die hoofeksamengeleentheid in semester 10. Studente sal volgens die reëls onder die toeligting by Reël M3.9.2 tot hierdie geleentheid toegelaat word.

Aan die einde van semester 10 word ‘n finale kliniese geïntegreerde assessering aangebied vir Huisartskunde (MFAM5818/5828). Dit behels kliniese gevalle en OSKE waartydens die student geassesseer word ten opsigte van algemene kliniese evaluering en hantering van die pasiënt, asook professionele en kommunikasievaardighede, houding en gedrag. Indien module MFAM se assessering gedruip word, terwyl al die ander modules geslaag word, moet slegs MFAM in die daaropvolgende jaar vir drie maande herhaal word.

Studente wat enige van die ses modules in die finale eksamens aan die einde van semester 10 druip, sal die nodige inwonings en assesserings moet herhaal soos vervat in **Reël M3.9.2: Herhaling van semesters 9 en 10 (vyfde studiejaar)**.

### Reël M4.3 PROMOVERINGSTELSEL

Geen promoveringstelsel bestaan op voorgraadse vlak vir modules wat in die Fakulteit aangebied word nie

### Reël M4.4 ASSESSERINGSTELSEL

### Reël M4.4.1 Algemene reëls met betrekking tot programme

Daar word van alle studente in die Skool vir Geneeskunde vereis om aan die hoofeksamengeleentheid deel te neem.

### Reël M4.4.2 Kwalifisering van ’n student vir die addisionele eksamengeleentheid

’n Student wat die hoofeksamengeleentheid druip, kwalifiseer vir ’n addisionele eksamengeleentheid (uitgesluit die finale jaar) op voorwaarde dat:

(a) ’n Student ’n finale gesamentlike punt van minstens 45% met ’n subminimum van minstens 40% tydens die hoof eksamengeleentheid behaal het.

(b) ’n Student ’n finale gesamentlike punt van 50% of meer tydens die hoofeksamengeleentheid behaal het, maar nie die subminimum van 40% in die individuele komponente van die hoof eksamen geleentheid behaal het nie.

(c) ’n Student ’n geldige mediese sertifikaat voorlê waarin gesertifiseer word dat die student nie aan die hoofeksamengeleentheid kon deelneem nie (spesiale vorm wat deur ’n geneesheer voltooi moet word).
**Toeligting:** Hierdie mediese sertifikaat moet binne 48 uur ná die afwesigheid by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde, kamer D204, ingedien word. Vir studente wat op hierdie wyse aan die addisionele eksamengeleentheid deelneem, bestaan daar geen verdere geleentheid nie, behalwe in die geval van ’n spesiale assesseringsgeleentheid soos hieronder uiteengesit word (slegs MBChB-studente).

(d) ’n Student ’n gesamentlike punt van 50% of hoër behaal het, maar nie beide die teoretiese en kliniese komponente afsonderlik geslaag het nie.

(e) In die geval van Fase I en II, indien ’n student, vir welke rede ook al, kwalifiseer vir ’n addisionele eksamengeleentheid nadat een of meer van die betrokke MIMA-vraestelle reeds afgelê is, moet al die vraestelle weer tydens die addisionele eksamengeleentheid afgelê word.

Geen addisionele eksamengeleentheid bestaan in die Skool vir Geneeskunde vir verbetering van die finale modulepunt nie.

Die addisionele eksamengeleentheid van semesters 1, 3, 5 en 7 word gedurende Junie/Julie aangebied, en die addisionele eksamen geleentheid van semesters 8 en 10 in November van die betrokke jaar.

**Reël M4.4.3 Oneerlikheid gedurende assesseringsgeleenthede**

’n Student wat die algemene reëls met betrekking tot eksamen- en eksamenlokale verontagsaam, word ingevolge die reëls soos van toepassing op dissiplinêre prosedure hanteer, wat skorsing tot gevolg kan hê verwys na **ALGEMENE REËLS A9.13 (o).**

**Reël M4.4.4 Eksamenuitslae**

’n Student kan binne vyf dae nadat die voorlopige eksamenuitslae op ’n gespesifiseerde kennisgewingbord in die Fakulteit aangebring is, skriftelik aansoek doen om ’n spesifieke eksamenskrif te laat nagaan vir foute.

**<u>Toeligting</u>:**
(a) Hierdie versoek moet by die kantoor van die Adjunk-direkteur: Fakulteitsadministrasie, kamer D211, Francois Retief-gebou, ingedien word. Afskrifte word van die student se skriftelike versoek gemaak, die datum daarop aangebring en gestuur aan die betrokke dosent / moduleleier / departementshoof en die Programdirekteur in oorleg met die Hoof van die Skool. Beide die student en kantoor behou ’n afskrif vir rekorddoeleindes.
(b) Die dosent / moduleleier / departementshoof sal telefonies deur die Fakulteitsadministrasie in kennis gestel word.
(c) Die dosent / moduleleier / departementshoof gaan die eksamenskrif na vir foute en om te kontroleer of die punte korrek opgetel is en of al die vrae nagesien is. (Geen soektog na punte sal toegelaat word nie.)
(d) Indien daar ’n verandering aan die punt aangebring moet word weens ’n optelfout of vraag wat nie nagesien is nie, sal die besonderhede skriftelik aan die Adjunk-direkteur en Hoof van die Skool deurgestuur word.
(e) Die wysiging van die punt, indien dit tot die student se voordeel is, sal dan aangebring word in oorleg met die Hoof van die Skool en die Dekaan se goedkeuring.
(f) Indien die student steeds ontevrede is met die uitslag van die hersien van die eksamenskrif, het die student die reg tot onmiddellike appèl via die departementshoof na die Dekaan vir ’n hernasien van die eksamenskrif. ’n Skriftelike versoek in dié verband moet eweneens binne dieselfde vyf eksamendae by die Adjunk-direkteur ingedien word. Indien die Hoof van die Skool vir Geneeskunde / Dekaan dit goedkeur, sal die departementshoof versoek word om die hele eksamenskrif weer na te sien.

(g) Die uitslag ten opsigte van die hernasien word aan die Adjunk-direkteur deurgestuur vir voorlegging aan die Hoof van die Skool vir Geneeskunde vir aanbeveling en daarna aan die Dekaan vir goedkeuring. Indien die uitslag van die hernasien tot voordeel van die student strek, sal die gewysigde punt aan die student toegeken word; andersins word die oorspronklike punt gehandhaaf.

(h) Koste mag aan 'n hernasien verbonde wees, wat deur die student gedra moet word.

(i) Indien 'n student, nadat bogemelde stappe gevolg is, steeds ontevrede is met die uitslag, het die student die reg tot onmiddellike appèl tot die Akademiese Appèlkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. 'n Skriftelike versoek in dié verband moet minstens vyf eksamendae nadat die uitslag van die hernasien bekend gemaak is, by die Adjunk-direkteur ingedien word.

(j) Die Appèlkomitee se besluit is finaal, en die student sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van die appèlkomitee. Geen verdere motiverings sal oorweeg word ná die finale besluit van die Appèlkomitee nie.

**Reël M4.4.5 Berekening van punte**

(a) Die modulepunt en die assesseringpunt dra by tot die finale gesamentlike punt (uitgesluit Fase I). Die presiese gewig per komponent en hoe die punte bereken, gekalibreer en hanteer word, word in die relevante modulegidse van die individuele modules uiteengesit.

(b) Berekening van punte van studente wat aan 'n addisionele eksamengeleentheid deelgeneem het:
    (i) Indien 'n student weens siekte aan die addisionele eksamengeleentheid deelneem, word die finale gesamentlike punt bereken soos in geval van die hoof assesseringsgeleentheid (sien punt (a) bo).
    (ii) Indien 'n student vir 'n addisionele eksamengeleentheid gekwalifiseer het, sal die modulepunt en slegs die addisionele eksamengeleentheid se punte in berekening gebring word (sien punt (a) bo) met dien verstande dat 'n finale gesamentlike assesseringpunt van slegs 50% toegeken word aan studente wat slaag.

## Reël M4.5 VRYSTELLING VAN MODULES WAT REEDS GESLAAG IS

(a) <u>MGEN</u>
MBChB-studente wat aan die verwagte uitkomste in MGEN (Algemene Vaardigheidsmodule) voldoen het, maar wat die eerste semester herhaal, kan vrygestel word van portefeulje-assessering in MGEN, maar moet steeds aan die bywoningsvereistes voldoen. Aansoek om vrystelling van die portefeulje-assessering moet op die voorgeskrewe vorm, wat by die kantoor van die Adjunk-direkteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is, gedoen word en via die moduleleier by die Hoof van die Skool ingedien word.

(b) <u>Slegs vierde studiejaar</u>
'n MBChB-student wat reeds 'n module(s) geslaag het, gedurende die daaropvolgende jaar 'n modulepunt van minstens 60% in die betrokke module(s) verwerf het en ten minste 80% bywoning van die kontaksessies en kliniese inwoning gehad het, kan vrygestel word van die hoofeksamengeleentheid in die betrokke module(s). Aansoek om vrystelling van die betrokke hoof eksamengeleentheid word op die voorgeskrewe

aansoekvorm, wat by die kantoor van die Adjunk-direkteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is, gedoen. Hierdie aansoek moet voor die aanvang van die hoofeksamengeleentheid via die departementshoof by die Hoof van die Skool ingedien word.

**Reël M4.6 EERSTE KWALIFIKASIE MET LOF (CUM LAUDE) (geld nie vir BMedSc-studente nie)**

(a) ’n Kwalifikasie word met lof (cum laude) toegeken indien ’n gemiddelde punt van minstens 75% oor al die modules tydens die hoofeksamengeleentheid en ’n gemiddelde persentasie van 70% oor die res van die program behaal is.
(b) Die kwalifikasie moet binne die voorgeskrewe tydperk behaal word.

**Reël M4.7 HERTOELATING VAN STUDENTE TOT DIE MBChB-PROGRAM (eerste tot vierde studiejaar: semesters 1 - 8)**

**Die volgende is van toepassing, ongeag die bepalings van die Regulasies en Algemene Institusionele Reëls:**

(a) ’n Student word toegelaat om semester 1 te herhaal slegs nadat die Leerontwikkelingsprogram suksesvol deurloop is en hy/sy weer gekeur word tot semester 1. Die student moet skriftelik aansoek doen om hertoelating tot semester 1 sodra die finale uitslag van die LOP bekend is. Senior studente en studente wat reeds ’n oorbruggingsprogram deurloop het, word hierby uitgesluit.
(b) Om toelating tot herhaling van semesters 2 en 3, semesters 4 en 5, asook semesters 7 en 8 te bekom, moet ’n student skriftelik om herkeuring aansoek doen sodra die finale uitslag van die betrokke assessering bekend is.
(c) Semester 1 tot 8 mag elk net een keer herhaal word.
(d) ’n Student wat druip, moet binne sewe dae nadat die finale uitslag bekend is, skriftelik om hertoelating tot die betrokke semesters aansoek doen by die Adjunk-direkteur: Fakulteitsadministrasie.
(e) ’n Student mag nie sy/haar studies vir welke rede ook al onderbreek vir ’n tydperk van langer as twee kalenderjare nie. ’n Student wat sy/haar studies vir ’n langer tydperk onderbreek het, moet weer aansoek doen om moontlike keuring en toelating tot die eerste studiejaar.
(f) Indien ’n student in studiejare een tot vier 50% of meer van die betrokke studiejaar se modules druip, word die student nie toegelaat om sy/haar studies in die MBChB-program voort te sit nie.

### Reël M5 REËLS VIR DIE KWALIFIKASIE BACCALAUREUS IN MEDIESE WETENSKAPPE (STRALINGSWETENSKAPPE)

### Reël M5.1 TOELATINGSVEREISTES

Slegs kandidate wat oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat beskik wat deur UMALUSI uitgereik is (of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat deur die Universiteit goedgekeur sal moet word), sal tot die program toegelaat word. 'n Gemiddelde minimum punt op prestasievlak 5 (d.w.s. 60%) vir wetenskapsdissiplines word benodig en sal bereken word op grond van Wiskunde en Fisiese Wetenskappe op prestasievlak 5 (60%). Lewenswetenskappe is 'n aanbeveling. Alle studente, insluitend senior studente en studente vanaf ander fakulteite en universiteite, sal aan keuring onderwerp word. 'n Toelatingspunt (TP-punt) van minstens 36 word vereis.

Ten opsigte van die onderrigtaal van keuse (Afrikaans of Engels) word 'n minimum punt op prestasievlak 5 (60%) vereis.

#### Reël M5.1.1 Erkenning van modules voor verkryging van 'n kwalifikasie aan hierdie Universiteit

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A11 vir eerste Baccalaureuskwalifikasies geld.

#### Reël M5.1.2 Erkenning van modules ná verkryging van 'n kwalifikasie aan hierdie Universiteit

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A12 vir eerste Baccalaureuskwalifikasies geld.

#### Reël M5.1.3 Erkenning van modules aan 'n ander hoëronderwysinrigting geslaag

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A10 vir eerste Baccalaureuskwalifikasies geld.

Studente sal slegs tot die program toegelaat word nadat volledige sillabusse en krediete van elke module wat so 'n student geslaag het aan die departement wat die program aanbied, voorgelê is vir assessering. Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe behou die reg voor om sodanige student 'n toelatingseksamen te laat skryf.

### Reël M5.2 KURRIKULUMSAMESTELLING

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A8 vir eerste Baccalaureuskwalifikasies geld.

Die kurrikulum bestaan uit verpligte en elektiewe (keuse-) modules. Modules moet op so 'n wyse gekies word dat daar aan die voorvereistes van sodanige modules en vereistes van die kwalifikasieprogram voldoen word. Studente moet daarop let dat

daar vir die derde studiejaar drie elektiewe hoofmodulerigtings bestaan waarvan een gekies moet word. Studente moet daarom gedurende die tweede studiejaar sorg dat elektiewe modules op sodanige wyse gekies word dat daar aan die voorvereistes en vereistes van die gekose rigting voldoen word. **Stralingswetenskap (RSC) is die verpligte hoofmodule.**

### Reël M5.3 KURRIKULUM (Totale krediete 424)

'n Student in die BMedSc- (Stralingswetenskappe) program moet die kurrikulum met inagneming van die Fakulteit- en Algemene Reëls, ooreenkomstig die inligting hieronder saamstel.

| Jaar | Vak | Semester 1 | Semester 2 |
|---|---|---|---|
| 1 | Fisika | PHYS1514 (16 k) | PHYS1624 (16 k) |
| | Wiskunde | MATM1534(16 k) | MATM1544(16 k) |
| | Biologie | BLGY1513 (16 k) | |
| | Anatomie | | ANBG1524(16 k) |
| | Chemie | CHEM1514(16 k) | CHEM1624(16 k) |
| | Basiese Vaardighede* | MACC1512(8 k) | |
| 2 | Stralingsfisika | MPRS2613 (12 k) | |
| | Stralingsbiologie | MPRS2633 (12 k) | |
| | Stralingsdetektore en | | MPRS2623 (12 k) en |
| | Tumorbiologie | | MPRS2643 (12 k) |
| | Fisika | PHYS2614 (16 k) en | PHYS2624(16 k) en |
| | | PHYS2632 (8 k) | PHYS2642 (8 k) |
| | Toegepaste Wiskunde | MATA2634 (16 k) | MATA2644(16 k) |
| | Fisiologie | PHBP2608 (32 k) | |
| 3 | Stralingsdosimetrie | MPRS3714 (16 k) | |
| | Onkologie | MPRS3734 (16 k) | |
| | Stralingsbeskerming | | MPRS3724 (16 k) |
| | Behandelingsmodaliteite | | MPRS3744 (16 k) |
| | Fisika | PHYS3714 (16 k) en | PHYS3724 (16 k) en |
| | | PHYS3732 (8 k) en | PHYS3742 (8 k) en |
| | | PHYS3752 (8 k) | PHYS3762 (8 k) |

*Basiese Vaardighede ACC112 – hierdie module is verpligtend en moet geslaag word voordat die graad toegeken word.

### Reël M5.4 VOORVEREISTES

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A8 vir eerste Baccalaureuskwalifikasies geld.

Addisioneel tot die voorvereistes vervat in die Jaarboek vir Institusionele Reëls, geld die volgende voorvereistes ten opsigte van Stralingswetenskappe.

| | |
|---|---|
| MPRS2613 | Min(PHYS1514) en Min(PHYS1624) |
| MPRS2633 | |
| MPRS2623 | Min(MPRS2613) |
| MPRS2643 | Min(MPRS2633) |
| MPRS3714 | |
| MPRS3734 | |
| MPRS3724 | Min(MPRS3714) |
| MPRS3744 | Min(MPRS3734) |

### Reël M5.5 TYDSDUUR VAN DIE PROGRAM

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A8(c) vir eerste Baccalaureuskwalifikasies geld.

Die minimum tydsduur vereis vir verwerwing van die BMedSc-kwalifikasie in Stralingswetenskappe is drie jaar voltydse studie.

**Toeligting:**
Ná voltooiing van die derde jaar kan nagraadse studie in Geneeskundige Fisika tot op PhD-vlak gevolg word. ’n Student wat by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika as Mediese Fisikus wil registreer, moet oor ’n BMedSc (Hons) in Geneeskundige Fisika beskik en twee jaar internskap voltooi het.

### Reël M5.6 REËLS BETREFFENDE ASSESSERING

Die assesseringsreëls van die Universiteit is, soos waar nodig aangepas, van toepassing op die BMedSc. Stralingswetenskappe-program.

### Reël M5.6.1 TOELATING TOT ASSESSERINGSGELEENTHEID

(a) Bywoning van al die kontaksessies in al die modules in die Skool vir Geneeskunde is verpligtend.
(b) Klasbywoning van 100% word van studente verwag. Studente wat minder as 80% van die kontaksessies in ’n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die assessering aan die einde van die module deel te neem nie en sal ook nie vir ’n addisionele eksamengeleentheid in aanmerking kom nie.
(c) ’n Minimum modulepunt van 40% word vereis vir toelating tot die assessering, en dit geld vir alle modules.

### Reël M5.7 ASSESSERINGSSTELSEL

### Reël M5.7.1 Algemene reëls met betrekking tot programme

Daar word van alle studente in die Skool vir Geneeskunde vereis om aan die eerste assesseringsgeleentheid deel te neem.

**Reël M5.7.2 Kwalifisering van ’n student vir die addisionele eksamengeleentheid**

’n Student wat die hoofeksamengeleentheid druip, kwalifiseer vir ’n addisionele eksamengeleentheid onder die volgende omstandighede:

(a) ’n Student het ’n finale gesamentlike punt van minstens 45% met ’n subminimum van minstens 30% tydens die hoofeksamengeleentheid behaal.
(b) ’n Student het ’n finale gesamentlike punt van 50% of meer tydens die hoofeksamengeleentheid behaal, maar nie die subminimum van 40% in die komponente van die spesifieke assessering nie.
(c) ’n Student het ’n geldige mediese sertifikaat voorgelê waarin gesertifiseer word dat die student nie aan die hoofeksamengeleentheid kon deelneem nie (spesiale vorm wat deur ’n geneesheer voltooi moet word).
**Toeligting:** Hierdie mediese sertifikaat moet binne 48 uur ná afwesigheid by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde, kamer D204, ingedien word.
(d) Reël A15 (f) en (g) in die Jaarboek vir Institusionele Reëls vir verwerwing van die kwalifikasie is van toepassing, mits die student:
    (i) Wel toelating tot die assesseringsgeleentheid gehad het (dit wil sê ’n modulesyfer van minstens 40%).
    (ii) Minstens 30% in die ontbrekende module in die assesseringsgeleentheid behaal het.
(e) Behoudens die bepaling van Reëls A8 (b) en A19 (a) in die Jaarboek vir Institusionele Reëls, word ’n student met uitstaande modules toegelaat om met sy/haar studies voort te gaan.

**Reël M5.8: SLAAG MET LOF**

Sien Regulasies en Algemene Institusionele Reëls van die Universiteit van die Vrystaat.

## Reël M6 REËLS VIR DIE LEERONTWIKKELINGSPROGRAM

### Reël M6.1 TOELATINGSVEREISTES

Studente wat hul eerste semester druip, sal verplig wees om hulle vir die Leerontwikkelingsprogram (LOP) in te skryf indien hulle kwalifiseer.

**Toeligting**

Die volgende studente sal nie tot die Leerontwikkelingsprogram toegelaat word nie:

(a) 'n Student wat reeds voor keuring die Universiteit se Loopbaanvoorbereidingsprogram deurloop het.

(b) Senior studente, m.a.w. 'n student wat reeds 'n kwalifikasie behaal het voordat die student vir die MBChB- of Aanvullende Gesondheidsberoepeprogram gekeur is.

(c) 'n Student wat meer as 50% van semester 1 se modules gedruip het.

Studente in (a) of (c) moet aan die einde van die jaar skriftelik weer aansoek doen vir moontlike herkeuring vir die daaropvolgende jaar.

### Reël M6.2 DUUR VAN PROGRAM

Die tydsduur van die Leerontwikkelingsprogram is ses (6) maande en word in die tweede semester aangebied.

### Reël M6.3 DIE PROGRAM

Die Leerontwikkelingsprogram strek oor die hele tweede semester (6 maande) en al die vakke asook klasbywoning is verpligtend:

**VOORSTELLING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE PROGRAM**

| | | |
|---|---|---|
| Biofisika | MPDI1524 | 16K |
| Geïntegreerde Anatomie en Fisiologie | BMMT1524<br>BMMP1523 | 16K<br>12K |
| Lewenslange Leervaardighede | LLLS1524 | 16K |
| Basiese Menslike Anatomie en Fisiologie | BMBL1524 | 16K |
| Taalvaardighede | AGAG1524 (Afr)<br>EALM1524 (Eng) | <br>16K |
| Lewensvaardighede | MMTL1524 | 16K |

K = Krediete

### Reël M6.4 KLASBYWONING

Bywoning van al die kontakperiodes in die Ontwikkelingsprogram is verpligtend. Studente wat minder as 80% van die kontakperiodes van 'n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die eksamen deel te neem nie, en dit sal beskou word asof hulle die module gedruip het en nie vir herassessering in aanmerking kom nie. In uitsonderlike gevalle mag die Hoof van die Skool toestemming vir afwesigheid tot 'n maksimum van 20% verleen, op voorwaarde dat studente voor die tyd met die Hoof van die Skool reëlings vir afwesigheid moet tref.

**Reël M6.5 MODULEPUNT**

(a) Benewens die bepalings van Reël A14, geld die reëls van die Skool vir Geneeskunde en Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe.
(b) Punte behaal vir skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk wat tydens 'n module afgeneem is, kan bydra tot die modulepunt. (Besonderhede van die samestelling van die modulepunt is in die afsonderlike modulehandleidings vervat.)

**Reël M6.6 ASSESSERINGSREËLS**

Verwys na die assesseringsreëls van die Skool vir Geneeskunde (Reël M4) en Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe (Reël AGB 1.5-1.13).

**Reël M6.7 SLAAGVEREISTES**

(a) Om 'n module te slaag moet 'n finale gesamentlike punt van minstens 50% behaal word.
(b) 'n Subminimum van 40% geld vir die eksamenpunt.
(c) 'n Student moet al die modules van die program slaag met 'n gemiddelde punt van 70% of hoër om weer in aanmerking te kom vir moontlike hertoelating tot die eerste jaar van die MBChB-program of enige program binne die Aanvullende Gesondheidsberoepe. 'n Gemiddelde punt laer as 70% sal dien as 'n outomatiese diskwalifikasie vir hertoelating tot die MBChB-program of enige program binne die Aanvullende Gesondheidsberoepe.

**Reël M6.8 PROMOVERINGSTELSEL**

Geen promoveringstelsel op voorgraadse vlak bestaan in die Skool vir Geneeskunde en die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe vir hierdie program nie.

**Reël M6.9 HERHALING**

Geen student mag die Leerontwikkelingsprogram herhaal nie. Indien 'n student die Leerontwikkelingsprogram druip, sal die student nie toegelaat word om met MBChB of leerprogramme van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe voort te gaan nie.

**Reël M6.10 HERTOELATING**

**Reël M6.10.1 HERTOELATING TOT DIE MBChB-PROGRAM, SEMESTER 1**

(a) Studente wat die Leerontwikkelingsprogram slaag met 'n gemiddelde punt van 70% of hoër oor al die modules bereken, moet aan die einde van die jaar skriftelik aansoek doen vir hertoelating tot die MBChB-program.
(b) Studente wat die Leerontwikkelingsprogram slaag en weer tot die MBChB-program toegelaat word, moet al die modules van die eerste semester van die eerste jaar herhaal (MPSY1513, MDOC1513, MCHD1513, MHIS1513, MANA1513, MGEN1513 en MIMA1513).

(c) Studente wat aanvanklik MGEN1513 geslaag het, moet weer al die kontaksessies en groepaktiwiteite bywoon. Die student hoef egter nie weer 'n portefeulje in te dien nie.

**Reël M6.10.2 HERTOELATING TOT PROGRAMME IN DIE SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE**

Studente wat die Leerontwikkelingsprogram slaag, sal hertoegelaat word tot die spesifieke leerprogram in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe waarvoor hy/sy geregistreer was. Studente sal al die modules van die eerste semester wat in die Fakulteit aangebied word, moet herhaal.

**Die BMedKlinPrak-program is tans in onbruik en sal tydelik nie beskikbaar wees nie tot verdere kennisgewing.**

### Reël M7 REËLS VIR DIE KWALIFIKASIE BACCALAUREUS IN MEDIESE KLINIESE PRAKTYK

Studente wat vir die kwalifikasie aansoek doen is onderhewig aan ’n keuringsproses. Studente uit die Nasionale Departement van Gesondheid se keuringspoel sal voorgehou word vir keuring en moet voldoen aan beide die stipulasies van die Regulasies en Algemene Institusionele Reëls (Eerste Kwalifikasies) en die Reëls van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Duidelike keurings- en toelatingskriteria sal deur die Universiteit gestel en toegepas word.

### Reël M7.1 TOELATINGSKRITERIA

**Studente mag vir die BMedKlinPrak registreer mits die volgende van toepassing is:**

**M-Telling:**

1 Slegs ’n student in besit van ’n Nasionale Senior Sertifikaat deur UMALUSI (of ’n ekwivalente kwalifikasie wat deur die Universiteit goedgekeur is) uitgereik, sal tot die program toegelaat word. ’n Toelatingspunt (TP-punt) van ten minste 30 word vereis.

2 ’n Minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Wiskunde vereis. Met betrekking tot die taal van onderrig van keuse (Afrikaans of Engels), word ’n minimum prestasiepunt op prestasievlak 5 (60%) vereis.

3 ’n Minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Lewenswetenskappe vereis. ’n Minimum gemiddelde punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Fisiese Wetenskappe of ’n opsionele natuurwetenskaplike vak vereis.

**<u>Toeligting:</u>**
Wiskunde en Lewenswetenskappe is verpligtend.
’n Minimum gemiddelde punt op prestasievlak 5 (60%) word vir natuurwetenskapvakke vereis en sal op die basis van Wiskunde, Lewenswetenskappe en ’n opsionele natuurwetenskapvak bereken word. Met ander woorde ’n minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) word vereis vir Wiskunde plus Lewenswetenskappe, of ’n minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) vir Wiskunde plus Lewenswetenskappe en ’n opsionele natuurwetenskaplike vak.

### Reël M7.2 DUUR VAN DIE PROGRAM

Die duur van opleiding strek oor drie jaar.

**Toeligting:**
'n Student wat by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika as 'n kliniese praktisyn wil registreer, moet in besit wees van 'n BMedKlinPrak-kwalifikasie. Geen internskap is tans van toepassing nie.

### Reël M7.3 ONDERVINDING

Voordat die BMedKlinPrak-kwalifikasie aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(a) Voldoende teoretiese, praktiese en kliniese opleiding ontvang het.
(b) Vir die volle voorgeskrewe tydperk aan die Universiteit geregistreer was.
(c) Die Universiteit van die Vrystaat se assesserings suksesvol voltooi het – skriftelik, mondeling, logboeke, portefeuljes en/of kliniese assesserings – soos voorgeskryf.
(d) Vanaf die eerste jaar van studie vir al die studiejare by die GBRSA geregistreer was.

### Reël M7.4 ERKENNING VAN VOORAFLEER

Jaarboek vir Regulasies en Algemene Institusionele Reëls (Eerste Kwalifikasies) is van toepassing.

Vrystelling tot 'n maksimum van 12 maande mag in spesiale merietegevalle toegestaan word.

**Toeligting:**
Spesiale meriete kan, byvoorbeeld, verwys na:
(i) Suksesvolle aflegging van Fase II se hoofeksamengeleentheid van MBChB aan die UV.
(ii) Suksesvolle voltooiing van intreevlakeksamen om die vlak van vaardigheid en kennis te bepaal.

### Reël M7.5 KURRIKULUM (TOTALE KREDIETE 408)

Die kurrikulum bevat verpligte en elektiewe (keuse-) modules. Alle modules in studiejaar een en studiejaar twee in verpligtend. Twee elektiewe modules moet saam met die verpligte modules in studiejaar drie gekies word.

**Jaar 1:** *(Voorgestelde modulekodes)*

| Module/Kursusnaam | Fundamenteel | Krediete | Kern | Krediete |
|---|---|---|---|---|
| GSI 102 – Generiese vaardighede | Ja | **8** | Nee | |
| BCP 102 – Mensbiologie | Ja | **8** | Nee | |
| CAR 104 - Kardiovaskulêr 1 | Nee | | Ja | **16** |
| RES 104 – Respiratories 1 | Nee | | Ja | **16** |
| GAI 104 – Gastro-intestinaal 1 | Nee | | Ja | **16** |
| GEU 104 – Genito-urinêr 1 | Nee | | Ja | **16** |
| CNS 104 – Sentrale senuweestelsel 1 | Nee | | Ja | **16** |
| MSK 104 – Muskuloskeletaal 1 | Nee | | Ja | **16** |
| ESR 104 – Endokrien, vel en RES 1 | Nee | | Ja | **16** |

**Jaar 2:** *(Voorgestelde modulekodes)*

| Module/Kursusnaam | Fundamenteel | Krediete | Kern | Krediete |
|---|---|---|---|---|
| SSI 202 – Spesiale vaardighede | Nee | | Ja | **8** |
| BCP 202 – Mensbiologie 2 | Ja | **8** | Nee | |
| CAR 204 – Kardiovaskulêr 2 | Nee | | Ja | **16** |
| RES 204 – Respiratories 2 | Nee | | Ja | **16** |
| GAI 204 – Gastro-intestinaal 2 | Nee | | Ja | **16** |
| GEU 204 – Genito-urinêr 2 | Nee | | Ja | **16** |
| CNS 204 – Sentrale senuweestelsel 2 | Nee | | Ja | **16** |
| MSK 204 – Muskuloskeletaal 2 | Nee | | Ja | **16** |
| ESR 204 – Endokrien, vel en RES 2 | Nee | | Ja | **16** |

**Jaar 3:** *(Voorgestelde modulekodes)*

| Module/Kursusnaam | Fundamenteel | Krediet e | Kern | Krediete |
|---|---|---|---|---|
| ASI 302 – Gevorderde spesiale vaardighede | Nee | | Ja | **8** |
| BCP 302 – Mensbiologie 3 | Ja | **8** | Nee | |
| WOH 304 – Vrouegesondheid | Nee | | Ja | **16** |
| CHH 304 – Kindergesondheid | Nee | | Ja | **16** |
| AET 304 – Ongeluk en noodgevalle + trauma | Nee | | Ja | **16** |
| INF 304 – Infektiewe siektes | Nee | | Ja | **16** |
| ANS 304 – Anestetika | Nee | | Ja | **16** |
| DIS 302 – Reseptering | Nee | | Ja | **8** |
| MEH 302 – Geestesgesondheid | Nee | | Ja | **8** |
| HCS 302 – Gesondheidsorgsisteme | Nee | | Ja | **8** |

**Kies twee elektiewe modules uit die lys hieronder bykomend tot die verpligte modules van studiejaar 3:** *(Voorgestelde modulekodes)*

| Module/Kursusnaam | Elektief | Krediete |
|---|---|---|
| ORT 304 – Ortopedie | Ja | **16** |
| AAE 304 – Ongeluk en noodgevalle | Ja | **16** |
| CFO 304 – Kliniese forensies | Ja | **16** |
| TPF 304 – Terminasie van swangerskap en gesinsbeplanning | Ja | **16** |
| TRN 304 – Tropiese gesondheid | Ja | **16** |

Totale Krediete 408.

### Reël M7.6 BEVORDERING NA DIE VOLGENDE JAAR VAN STUDIE

Jaarboek vir Regulasies en Algemene Institusionele Reëls (Eerste Kwalifikasies) is van toepassing. Geen student kan met die volgende studiejaar voortgaan indien die vorige jaar nie volledig voltooi en bevredigend geslaag is nie.

## Reël M7.7 ASSESSERING

### Reël M7.7.1 Tydraamwerk

| | | |
|---|---|---|
| Einde van tweede semester | - | Studiejaar 1 |
| Einde van vierde semester | - | Studiejaar 2 |
| Einde van sesde semester | - | Studiejaar 3 |

**Die assesseringsreëls van die Universiteit, aangepas waar nodig, is van toepassing op die BMedKlinPrak-program.**

### Reël M7.7.2 Toelating tot assesseringsgeleentheid

(a) Bywoning van alle kontaksessies in al die modules is verpligtend.
(b) Studente wat minder as 80% van die kontaksessies van ’n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die hoofeksamengeleentheid aan die einde van die module deel te neem nie en sal nie vir 'n addisionele eksamen geleentheid in aanmerking kom nie.
(c) ’n Minimum modulepunt van 40% word vereis vir toelating tot die finale assessering, en dit is op alle modules van toepassing.

### Reël M7.7.3 Assesseringsisteem

#### Reël M7.7.3.1 Algemene reëls met betrekking tot program

Dit word van alle studente vereis om aan die eerste assesseringsgeleentheid van elke module deel te neem.

#### Reël M7.7.3.2 Kwalifisering van 'n student vir die addisionele eksamengeleentheid

’n Student wat die hoofeksamengeleentheid druip, mag vir ’n addisionele eksamengeleentheid kwalifiseer indien:

(a) ’n Student ’n finale gekombineerde punt van ten minste 45% met ’n subminimum van ten minste 30% gedurende die hoofeksamengeleentheid behaal het.
(b) ’n Student ’n finale gekombineerde punt van 50% of meer gedurende die hoofeksamengeleentheid behaal het, maar nie die subminimum van 40% in die komponente van die spesifieke assessering nie.
(c) ’n Student ’n geldige mediese sertifikaat voorlê wat goedgekeur is, wat sertifiseer dat die student ongeskik was om aan die hoofeksamengeleentheid deel te neem (’n spesiale vorm moet deur 'n mediese praktisyn voltooi word).
**Toeligting:**
Hierdie mediese sertifikaat moet binne 48 uur ná die afwesigheid weens siekte by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde, D204, ingedien word.
(d) Die reëls in die Jaarboek vir Institusionele Reëls vir die verwerwing van die kwalifikasies is van toepassing, met voorbehoud dat die student:
   (i) Toelating tot die hoofeksamengeleentheid gehad het (i.e. het ’n modulepunt van ten minste 40% gehad).

(ii) Ten minste 30% in die uitstaande module gedurende die eksamengeleentheid behaal het.

(e) Met uitsondering van die stipulasies van die Reëls in die Jaarboek vir Institusionele Reëls, sal 'n student met uitstaande modules nie toegelaat word om met sy/haar studies voort te gaan nie.

### Reël M7.8 SLAAGPUNT EN ONDERSKEIDING

(a) 'n Minimum van 50% word vir elke module vereis om die hoofeksamengeleentheid in elke module te slaag.

(b) Die kwalifikasie word met onderskeiding toegeken indien 'n student 'n aggregaat van gemiddeld 75% vir al die modules oor die drie jaar van studie behaal het.

### Reël M7.9 EKSAMENUITSLAE

'n Student kan binne vyf dae nadat die voorlopige eksamenuitslae op 'n gespesifiseerde kennisgewingbord in die Fakulteit aangebring is, skriftelik aansoek doen om 'n spesifieke eksamenskrif te laat nagaan vir foute.

**Toeligting:**

(a) Hierdie versoek moet by die kantoor van die Adjunk-direkteur: Fakulteitsadministrasie, kamer D211, Francois Retief-gebou, ingedien word. Afskrifte word van die student se skriftelike versoek gemaak, die datum daarop aangebring en gestuur aan die betrokke dosent / moduleleier / departementshoof en die Programdirekteur in oorleg met die Hoof van die Skool. Beide die student en kantoor behou 'n afskrif vir rekorddoeleindes.

(b) Die dosent / moduleleier / departementshoof sal telefonies deur die Fakulteitsadministrasie in kennis gestel word.

(c) Die dosent / moduleleier / departementshoof gaan die eksamenskrif na vir foute en om te kontroleer of die punte korrek opgetel is en of al die vrae nagesien is. (Geen soektog na punte sal toegelaat word nie.)

(d) Indien daar 'n verandering aan die punt aangebring moet word weens 'n optelfout of vraag wat nie nagesien is nie, sal die besonderhede skriftelik aan die Adjunk-direkteur en Hoof van die Skool deurgestuur word.

(e) Die wysiging van die punt, indien dit tot die student se voordeel is, sal dan aangebring word in oorleg met die Hoof van die Skool en die Dekaan se goedkeuring.

(f) Indien die student steeds ontevrede is met die uitslag van die hersien van die eksamenskrif, het die student die reg tot onmiddellike appèl via die departementshoof na die Dekaan vir 'n hernasien van die eksamenskrif. 'n Skriftelike versoek in dié verband moet eweneens binne dieselfde vyf eksamendae by die Adjunk-direkteur ingedien word. Indien die Hoof van die Skool vir Geneeskunde / Dekaan dit goedkeur, sal die departementshoof versoek word om die hele eksamenskrif weer na te sien.

(g) Die uitslag ten opsigte van die hernasien word aan die Adjunk-direkteur deurgestuur vir voorlegging aan die Hoof van die Skool vir Geneeskunde vir aanbeveling en daarna aan die Dekaan vir goedkeuring. Indien die uitslag van

die hernasien tot voordeel van die student strek, sal die gewysigde punt aan die student toegeken word; andersins word die oorspronklike punt gehandhaaf.

(h) Koste mag aan ’n hernasien verbonde wees, wat deur die student gedra moet word.

(i) Indien ’n student, nadat bogemelde stappe gevolg is, steeds ontevrede is met die uitslag, het die student die reg tot onmiddellike appèl tot die Akademiese Appèlkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. ’n Skriftelike versoek in dié verband moet minstens vyf eksamendae nadat die uitslag van die hernasien bekend gemaak is, by die Adjunk-direkteur ingedien word.

(j) Die Appèlkomitee se besluit is finaal, en die student sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van die appèlkomitee. Geen verdere motiverings sal oorweeg word ná die finale besluit van die Appèlkomitee nie.